



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

2016

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

AFDELING A (25 punte)
AFDELING B (75 punte)
AFDELING C (50 punte)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. MOENIE in die regterkantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
6. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.
7. Gewoonlik word een punt per feit toegeken; dus sal 'n 2 punt-vraag gewoonlik TWEE feite vereis, ensovoorts.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1: PASITEMS**

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–S) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 T.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	'n Voorbeeld van 'n brëebandkonneksie	A	Trojan
1.2	Bykomende inligting in 'n lêer of dokument, soos die naam van die outeur	B	GPS
1.3	'n Tegnologie wat gebruik word om 'n mens se geografiese posisie te bepaal	C	'FTP'
1.4	Die gebruik van baie rekenaars in 'n netwerk om saam 'n probleem op te los	D	multiverwerking
1.5	'n Eienskap ('feature') van 'n e-pos-toëpassing wat boodskappe volgens die gebruiker se voorkeure organiseer	E	LTE
1.6	'n Skadelike program wat vermom word om soos 'n betroubare of nuttige toëpassing te lyk	F	ETG ('RAM')
1.7	Geheue wat die laai-instruksies van 'n rekenaar bevat wat gebruik word om die bedryfstelsel te laai	G	metadata
1.8	Die deel van 'n lêernaam wat die tipe lêer identifiseer	H	netboek
1.9	'n Baie kragtige tipe draagbare rekenaar met verminderde kragverbruik	I	skakellyn ('dial-up')
1.10	'n Voorbeeld van 'n aanlyn stoorfasiliteit of -diens	J	Dropbox
		K	ruitnetrekenarisering ('grid computing')
		L	ultraboek
		M	NVK ('NFC')
		N	SoIP ('VoIP')
		O	posrëel
		P	hardeskyf
		Q	wurm
		R	LAG ('ROM')
		S	uitbreiding

(10 x 1)

[10]

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 D.

- 2.1 Om die mees relevante resultate vir 'n websoektog te ontvang, moet 'n mens spesifieke ... insleutel.
- A sleutelwoorde
 - B tabelinstellings ('tab settings')
 - C vorms
 - D HTML-merkers
- (1)
- 2.2 Watter EEN van die volgende verwys na die oriëntasie van 'n bladsy in 'n woordverwerkingsdokument?
- A Seksiebreuk
 - B Kantlyne
 - C Inkeping
 - D Landskap
- (1)
- 2.3 Watter EEN van die volgende woordverwerkingseienskappe ('word processing features') sou jy gebruik om woorde met dieselfde of die teenoorgestelde betekenis op te soek?
- A Indeks
 - B Bronne
 - C Boekmerke
 - D Tesourus
- (1)
- 2.4 'Magnifier' is 'n ...-eienskap ('feature') in Windows.
- A sekuriteits
 - B opdaterings
 - C toeganklikheids
 - D instandhoudings
- (1)
- 2.5 Watter EEN van die volgende is 'n beginsel wat na die uitwerking van menslike foute op afvoer verwys?
- A LIEU ('LIFO')
 - B KKTK ('SOHO')
 - C GIGU ('GIGO')
 - D T/A ('I/O')
- (1)

- 2.6 Watter EEN van die volgende kan as 'n vorm van biometriese toevoer gebruik word?
- A Stem
 - B Stilus
 - C Braille
 - D Bandwydte (1)
- 2.7 Om 'n rolprent onwettig af te laai en te versprei, staan as ... bekend.
- A herwinning ('recycling')
 - B roofkopiëring ('piracy')
 - C kuberkrakery ('hacking')
 - D kubersluipery ('cyberstalking') (1)
- 2.8 Watter EEN van die volgende faktore sal, in die algemeen, die waarskynlikste die gehalte van inligting wat in 'n opname versamel is, beïnvloed?
- A Die getal mense (respondente) wat aan die opname deelneem
 - B Die sienings van die mense (respondente) wat aan die opname deelneem
 - C Die gemiddelde ouderdom van die mense (respondente) wat aan die opname deelneem
 - D Die geslag van die mense (respondente) wat aan die opname deelneem (1)
- 2.9 'n Sirkelverwysing is 'n fout waar 'n formule in 'n sigblad verwys na ...
- A 'n ander sel in 'n werkblad sonder om absolute selverwysing te gebruik.
 - B 'n saamgesmelte sel in dieselfde sigblad.
 - C dieselfde sel as waarin die formule gestoor is.
 - D 'n sel wat met die verkeerde getal desimale plekke geformateer is. (1)
- 2.10 Watter EEN van die volgende opsies is NIE 'n voorbeeld van draagbare berging NIE?
- A USB-flitsskyf ('USB flash drive')
 - B Wolkberging ('cloud storage')
 - C Eksterne 2.5" HDD
 - D CD (1)
- [10]**

VRAAG 3: WAAR-/ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is. Verander die onderstreepte woord(e) om die stelling WAAR te maak. (Jy mag nie maar net die woord 'NIE' gebruik om die stelling te verander nie. GEEN punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR neergeskryf word NIE.)

VOORBEELDE:

VRAAG	ANTWOORD
Google is die wêreld se gewildste soekenjin.	Waar
'n NKK ('NIC') het gleuwe vir hardeware-komponente soos die SVE ('CPU').	Onwaar – moederbord

- 3.1 Die leesalleen('Read Only')-kenmerk kan op 'n lêer toegepas word om te voorkom dat enige veranderinge aan die lêer aangebring word. (1)
- 3.2 'n E-posversoek met 'n skakel om 'n mens se bankdiens-wagwoord op te dateer, staan as gemorspos stuur ('spamming') bekend. (1)
- 3.3 Die skyfskoonmaak('Disk Cleanup')-nutsprogram help 'n mens om 'n toepassing toe te maak wat nie meer reageer nie. (1)
- 3.4 CTRL+A is 'n sleutelbordkortpad wat dikwels gebruik word om die hele inhoud van 'n dokument te selekteer. (1)
- 3.5 Die grootte van 'n skerm word aan die getal horisontale en vertikale pixels gemeet. (1)

[5]**TOTAAL AFDELING A: 25**

AFDELING B**VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË**

- 4.1 Noem TWEE maniere waarop 'n drukker aan 'n rekenaar gekoppel kan word. (2)
- 4.2 Gee EEN moontlike oorsaak waarom 'n drukker nie werk nie, selfs al is dit aangeskakel en aanlyn. (1)
- 4.3 Noem TWEE voordele van konvergensie ('convergence') vir die gewone gebruiker. (2)
- 4.4 Identifiseer die beeld hieronder wat op 'n skool se nuusbrief verskyn EN verduidelik hoe dit gebruik sou word deur na 'n gepaste voorbeeld te verwys.



- (3)
- 4.5 'n Vastetoestandaandrywer (VTA) ('SSD') word in 'n rekenaar gebruik in plaas van 'n hardeskyfaandrywer (HDD). (2)
- 4.5.1 Noem TWEE voordele van 'n VTA ('SSD') bo 'n HDD. (2)
- 4.5.2 Waarom het VTA's ('SSDs') nog nie heeltemal HDD's vervang nie, selfs al het dit soveel voordele? Moet NIE in jou antwoord na koste verwys NIE. (1)
- 4.6 Verduidelik die verskil tussen 'n *sagtewarefout* ('*software bug*') en 'n *virus*. (2)
- 4.7 Verduidelik hoe 'n *Android-foon* van 'n *Windows-foon* verskil, afgesien van koste of die feit dat hulle deur verskillende maatskappye vervaardig word. (2)
- 4.8 Wat beteken dit as 'n drukker as die verstekdrukker ('default printer') gemerk is? (1)
- 4.9 Rugsteun is belangrik om te verseker dat data nie verlore raak nie.
- 4.9.1 Verduidelik waarom 'n rugsteunkopie NIE op dieselfde plek as die oorspronklike data gestoor moet word NIE, behalwe die feit dat dit addisionele spasie sal opneem. (1)
- 4.9.2 Noem 'n stoortoestel wat geskik sou wees om data groter as 1 TG ('TB') (teragreep) te rugsteun. (1)
- 4.10 Noem TWEE voordele daarvan om sagteware-opdaterings te skeduleer om deur die nag te loop. (2)

- 4.11 Gee TWEE moontlike maniere om 'n rekenaar se werkverrigting te verbeter sonder om enige hardeware te vervang. (2)
- 4.12 Noem TWEE voordele van die gebruik van webgebaseerde toepassings in plaas van toepassings wat plaaslik op 'n rekenaar geïnstalleer is. (2)
- 4.13 Jy moet 'n elektroniese kopie van 'n gedrukte dokument skep, maar het nie toegang tot 'n aftaster ('scanner') nie.
- Stel EEN manier voor om 'n elektroniese kopie van die dokument te skep sonder om 'n aftaster ('scanner') te gebruik. (1)

[25]

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Gee EEN rede waarom sommige mense nie aanlyn regeringsdienste, soos 'eFiling' van die SAID ('SARS'), gebruik nie. (1)
- 7.2 Baie kameras het die vermoë om foto's te geo-etiketteer ('geotag').
- 7.2.1 Verduidelik die term *geo-etikettering* ('geotagging'). (1)
- 7.2.2 Waarom raai sekere wildreservate besoekers af om foto's van renosters met geo-etiket te plaas op sosiale media te plaas? (1)
- 7.3 Stel TWEE maniere voor om die hoeveelheid gemorspos wat in jou e-pos-inmandjie ('inbox') beland, te verminder. (2)
- 7.4 Noem EEN moontlike manier om te voorkom dat ander gebruikers jou in foto's op Facebook etiketteer ('tag'). (1)
- 7.5 Gee TWEE voordele van die gebruik van sosiale netwerke vir besighede. (2)
- 7.6 Noem TWEE voordele van motors wat aan die Internet gekoppel is. (2)
- [10]**

VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

8.1 Bestudeer die skermkopie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

8.1.1 Sel **C4:C9** moet die relevante eenheidsprys uit die data in die selreeks **A12:B15** vertoon, na gelang van die waarde in kolom A.

	A	B	C
1	Houtpryse		
2			
3	Tipe hout	Lengte	Eenheid prys
4	Dennehout	2.4	#N/A
5	Eikehout	2.4	#N/A
6	Dennehout	3	#N/A
7	Dennehout	2.4	#N/A
8	Eikehout	4.2	#N/A
9	Bloekom	4.2	#N/A
10			
11			
12	Prys per eenheid		
13	Dennehout	R 55.00	
14	Eikehout	R 79.00	
15	Bloekom	R 71.00	

Die volgende funksie is in sel **C4** verkeerd gebruik:

=VLOOKUP(B4,\$A\$13:\$B\$15,1)

Identifiseer die TWEE foute in die funksie.

(2)

8.1.2 Waarom sou die formule **= A4*B4** 'n foutboodskap gee?

(1)

8.2 Wat is die verskil in gebruik tussen die *COUNT*- en die *COUNTA*-sigbladfunksies?

(2)

8.3 Hoekom moet 'n mens die *ROUND*-funksie in 'n sigblad gebruik om getalle af te rond, in plaas daarvan om slegs die getalle te formateer?

(1)

- 8.4 In elk van die volgende gevalle, noem die woordverwerkingseienskap ('feature') wat eers gebruik of toegepas moet word voordat dit sal werk:
- 8.4.1 Outomatiese inhoudsopgawe (1)
- 8.4.2 Outomatiese bibliografie (1)
- 8.5 Gee 'n voorbeeld van 'n program (NIE 'n webtuiste NIE) wat gebruik kan word om HTML-lêers te redigeer. (1)
- 8.6 Wat is die verwantskap tussen 'n webblad en 'n webtuiste? (1)
- 8.7 Wat is die verband tussen die <head>-afdeling van 'n HTML-webblad en die inligting wat in die webblaaieroortjie ('browser tab') vertoon word? (1)
- 8.8 Identifiseer TWEE foute in die volgende HTML-kode:
- ```

 Item 1
 Item 2

```
- (2)
- 8.9 Wat is die hoofrede vir die gebruik van 'n vorm in 'n databasis? (1)
- 8.10 Die volgende het in 'n navraag verskyn:
- Totaal: [T1]+[T2]
- Watter uitwerking het 'n berekening in 'n navraag op die waardes in 'n databasistabel? (1)
- [15]**
- TOTAAL AFDELING B: 75**

**AFDELING C****VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO**

Jy is die kans gegun om by 'n plaaslike selfoonwinkel te werk. Die bestuurder van die winkel weet van jou RTT-agtergrond en het jou gevra om met van die tegniese vrae te help wat deur klante gevra kan word.

9.1 'n Slimfoon met die volgende spesifikasies is tans op 'n spesiale aanbieding by die winkel:

- Quad Core 1.7 GHz
- 2 GG ('GB') ETG ('RAM')
- 16 GG ('GB') interne stoorplek
- MicroSD-kaartgleuf (tot en met 128 GG ('GB'))
- 5.0" Multi-Touch-skerm
- Android 5.1
- Bluetooth 4.1, 802.11 a/b/g/n
- 12 MP-kamera

Beantwoord die volgende vrae van klante:

- 9.1.1 Watter grootte skerm het die toestel? (1)
- 9.1.2 Verduidelik wat 'n *Multi-Touch-skerm* is. (1)
- 9.1.3 Gee EEN voorbeeld van 'n handeling wat 'n mens op 'n Multi-Touch-skerm kan uitvoer. (1)
- 9.1.4 Die spesifikasies hierbo dui aan dat die slimfoon 16 GG ('GB') interne geheue het.  
Verduidelik waarom minder as 16 GG geheue beskikbaar sal wees, selfs wanneer klante die slimfoon vir die eerste keer het. (1)
- 9.1.5 Hoe kan klante meer stookapasiteit by die foon voeg? (1)
- 9.1.6 Gee TWEE redes waarom dit 'n goeie idee is om op te gradeer na 'n slimfoon wat dieselfde tipe bedryfstelsel het. (2)
- 9.1.7 Noem TWEE basiese funksies van 'n bedryfstelsel. (2)
- 9.1.8 Watter spesifikasie hierbo verwys na resolusie? (1)
- 9.2 Beskryf TWEE maniere waarop die winkel op 'n verantwoordelike manier van ou selfone en selfoononderdele ontslae kan raak. (2)
- 9.3 Beskryf hoe RFID-merkers ('tags') gebruik kan word om te voorkom dat toets- of demonstrasiefone uit die winkel gesteel word. (2)

- 9.4 Klante is bekommerd oor veiligheidsbedreigings op hul slimfone en tablette.  
Verduidelik kortliks elk van die volgende veiligheidsbedreigings:
- 9.4.1 E-posflousery ('e-mail spoofing') (1)
  - 9.4.2 Skimkaping ('pharming') (2)
  - 9.4.3 Sleutelvaslegging ('keylogging') (1)
- 9.5 Die rekenaars in die winkel is in 'n netwerk gekoppel.
- 9.5.1 Watter tipe rekenaar in die netwerk sal hulpbronne en dienste aan die ander rekenaars verskaf? (1)
  - 9.5.2 Noem TWEE items wat benodig word om 'n netwerk te skep, buiten rekenaars en sagteware. (2)
- 9.6 Gee TWEE redes waarom 'n klant SoIP ('VoIP') in plaas van 'n normale selfoonoproep sou gebruik. (2)
- 9.7 Die bestuurder het 'n webblad vir klante geskep om die diens te beoordeel, sodat terugvoering oor klantetevredenheid verkry kan word.  
Noem DRIE ontwerpvoorwegings wat die bestuurder in gedagte moet hou wanneer die webblad ontwerp word. (3)
- 9.8 Die tegnikus wat slimfone by die winkel herstel, het besluit om basiese wenke op 'n blog te plaas, sodat klante probleemoplossings self kan oplos.
- 9.8.1 Gee TWEE redes waarom hy 'n blog in plaas van e-pos sou gebruik om die wenke te versprei. (2)
  - 9.8.2 Noem TWEE maniere waarop hy kan seker maak dat klante die blog gereeld besoek. (2)
- 9.9 'n Klant ontvang die volgende foutboodskap wanneer sy haar slimfoon aan 'n skootrekenaar probeer koppel:
- 'Driver not found' ('Drywer nie gevind nie')**
- 9.9.1 Wat is die doel van 'n drywer in 'n rekenaar? (1)
  - 9.9.2 Noem EEN moontlike manier waarop sy hierdie probleem kan oplos sonder om enige hardeware te vervang. (1)

- 9.10 Sommige tafelrekenaars in die winkel moet vervang word.
- 9.10.1 Noem TWEE moontlike nadele van die gebruik van 'n kabellose sleutelbord en muis op die nuwe rekenaars, buiten diefstal. (2)
- 9.10.2 Dit is belangrik om toestelle te kies wat ergonomies ontwerp is.  
Wat beteken die term *ergonomies* in hierdie konteks? (2)
- 9.10.3 Noem TWEE voordele daarvan om die tafelrekenaars met skootrekenaars te vervang. (2)
- 9.10.4 Stel TWEE maniere voor om te voorkom dat die skootrekenaars gesteel word. (2)
- 9.11 Die eienaar het probeer om 'n basiese webtuiste te skep om die huidige spesiale aanbiedinge te adverteer. Bestudeer die HTML-kode hieronder.

```
<title>
 Huidige spesiale aanbiedinge
 <hr />
</title>

<body>
 <h1> ONS BESTE SPESIALE AANBIEDINGE NOG! </h1>

 Kom nou na ons winkel vir groot besparings!

</body>
```

Verduidelik hoe jy die volgende foute sou regstel:

- 9.11.1 Die horisontale lyn word nie vertoon nie. (1)
- 9.11.2 Die opskrif 'ONS BESTE SPESIALE AANBIEDINGE NOG!' moet kleiner wees. (1)
- 9.11.3 Die teks 'Kom nou na ons winkel vir groot besparings!' moet in 'n rooi font vertoon word, maar word in swart vertoon. (1)

9.12 'n Databasis is geskep om rekord te hou van huidige voorraadvlakke by die winkel.

9.12.1 Bestudeer die skermkopie hieronder en noem die datatipe wat vir die *Specifications*-veld gebruik moet word om 'n groot hoeveelheid teks in te voer.

Field Name	Data Type
Stock ID	AutoNumber
Make	Text
Model	Text
Specifications	Text
Cost Price	Currency
Selling price	Currency

(1)

9.12.2 Hoekom is die *Autonumber*-datatipe altyd geskik om as 'n primêresleutel-veld te gebruik?

(1)

9.12.3 Die navraag hieronder is geskep om al die items in voorraad te vertoon waar die handelsmerk met die woord *Smart* begin en die verkoopprys ('selling price') minder as R100 of meer as R500 is.

Field:	Make	Specifications	Cost Price	Selling price
Table:	Stock	Stock	Stock	Stock
Sort:				
Show:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
Criteria:	"Smart"			<100
or:				>500

Identifiseer TWEE foute in die ontwerp van hierdie navraag wat veroorsaak dat die verkeerde inligting vertoon word.

(2)

9.13 Verduidelik kortliks waarvoor elk van die volgende in 'n woordverwerkings-toepassing gebruik sou word:

9.13.1 Aaneenlopende seksiebreuk ('continuous section break')

(2)

9.13.2 Boekmerk ('bookmark')

(1)

**TOTAAL AFDELING C: 50**  
**GROOTTOTAAL: 150**



# **basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2**

**2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.**

**VOORSTELLE EN AANBEVELINGS VIR NASIENERS**

- Verwys dikwels terug na die vrae en hierdie memorandum gedurende die nasiensessie.
- Dit is raadsaam om die vraag dikwels te lees (en te herlees) saam met die kandidaat se antwoord om na te gaan of dit korreleer. Moenie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te fokus nie, maar lees eerder die hele antwoord. As jy twyfel, lees die hele antwoord, dan die vraag in die vraestel en die antwoord in die memorandum. Vra jouself of jou senior nasiener of die antwoord in lyn is met die memorandum voordat die korrekte punte toegeken word. Byvoorbeeld, die memorandum dui 'goedkoop' aan en die kandidaat se antwoord is 'nie duur nie'.
- Wees bedag op antwoorde op 'n spesifieke vraag wat oorvleuel. In die algemeen word EEN punt per feit toegeken.

**AFDELING A****VRAAG 1: MEERVOUDIGE KEUSE**

1.1	E	✓	1
1.2	G	✓	1
1.3	B	✓	1
1.4	K	✓	1
1.5	O	✓	1
1.6	A	✓	1
1.7	R	✓	1
1.8	S	✓	1
1.9	L/H	✓	1
1.10	J	✓	1
<b>[10]</b>			

**VRAAG 2: PASITEMS**

2.1	A	✓	1
2.2	D	✓	1
2.3	D	✓	1
2.4	C	✓	1
2.5	C	✓	1
2.6	A	✓	1
2.7	B	✓	1
2.8	A	✓	1
2.9	C	✓	1
2.10	B	✓	1
<b>[10]</b>			

**VRAAG 3: WAAR-/ONWAAR-ITEMS**

(Nota aan nasiener: Aanvaar die korrekte term in Vraag 3.2, 3.3 en 3.5, selfs al verskyn die woord ONWAAR nie. Geen punt word toegeken indien net die woord ONWAAR neergeskryf word nie.)

3.1	WAAR✓	1
3.2	ONWAAR, uitvissing ('phishing') ✓	1
3.3	ONWAAR, 'Task Manager'✓	1
3.4	WAAR✓	1
3.5	ONWAAR, resoluëie✓	1
		<b>[5]</b>

**TOTAAL AFDELING A: 25**

**AFDELING B****VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIE**

4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bluetooth</li> <li>• Wi-Fi</li> <li>• NVK ('NFC')</li> <li>• Gekabelde netwerk/Ethernet-kabel</li> <li>• USB-kabel</li> <li>• Parallel kabel/LPT1</li> <li>• SCSI-kabel</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moet nie slegs 'kabel' as antwoord aanvaar nie. Aanvaar slegs kabelleos wanneer geen ander spesifieke kabelleose voorbeelde genoem word nie. Aanvaar dukker-kabel as geen ander spesifieke drukkerkabels genoem is nie).</i></p>		2
4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Drywer is nie geïnstalleer nie</li> <li>• Geen papier in die houer nie/Verkeerde papiergrootte is gekies</li> <li>• Papierverstopping ('paper jam')</li> <li>• Ink/Drukstof is op</li> <li>• Nie as die verstekdrukker geselekteer nie/Druk na 'n ander drukker</li> <li>• Druktaak is in die drukkertou onderbreek ('paused')</li> <li>• Kabel nie gekonnekteer nie, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
4.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Groter funksionaliteit op een toestel</li> <li>• Interwerkbaarheid ('interoperability') van sommige toestelle</li> <li>• Goedkoper om een toestel te koop</li> <li>• Lessenaarspasia minder deurmekaar</li> <li>• Meer doeltreffend as om meervoudige toestelle te gebruik</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
4.4	<p>QR/2D-strepieskode ✓ Dit word geskandeer ✓ (deur 'n selfoon) om die teks/inligting wat dit bevat, bloot te lê <i>Enige geskikte voorbeeld soos die URL van die skool, ens. ✓</i></p>		3
4.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vinniger datatoegang</li> <li>• Minder vatbaar vir skade/geen bewegende dele nie</li> <li>• Minder kragverbruik</li> <li>• Kleiner formaatgrootte</li> <li>• Geen geraas</li> <li>• Aanpasbaar met baie verskillende rekenaartipes, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓(Enige twee)</p>	2	
4.5.2	<p>Tans/In die algemeen is VTA's ('SSDs') nie gereedlik beskikbaar met so 'n groot stookkapasiteit ✓ as 'n tradisionele hardeskyf nie.</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie enige antwoord met betrekking tot koste aanvaar nie.)</i></p>	1	3

4.6	'n Sagtewarefout ('bug') is 'n fout in die (programmerings-) kode van die sagteware ✓ 'n Virus is sagteware wat met doelbewuste kwaadwillige bedoeling, geskryf is ✓, bv. om data/sagteware korrup te maak, ens.		2
4.7	Die Android-foon gebruik 'n oopbron ✓ bedryfstelsel en die Windows-foon gebruik 'n eiendomsregtelike ✓ bedryfstelsel  (Notas aan nasiener: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie enige kosteverwante antwoorde of antwoorde waarby verskillende maatskappye betrokke is, aanvaar nie</li> <li>• Aanvaar verwysing na die verskillende tipes toepassings wat vir die verskillende bedryfstelsels beskikbaar is.</li> <li>• Aanvaar antwoorde wat na die verskille in die bedryfstelsel verwys)</li> </ul>		2
4.8	Druktake word outomaties na daardie drukker gestuur ✓ (tensy 'n ander drukker gekies is.)		1
4.9.1	Die rugsteunkopie mag saam met die oorspronklike lêers verloor word ✓, bv. indien die kamer afgebrand het, toestelle gesteel is, ens.	1	
4.9.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Eksterne hardeskyf/Magnetiese band ✓</li> <li>• NGS (Netwerkgekoppelde stoortoestel) ( )NAS (Network attached storage)Drive</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	
4.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bandwydte op 'n tyd wanneer daar 'n lae vraag na bandwydte vanaf die stelsel is (dit sal nie tot smoring ['throttling'] of lynvorming ['shaping'] bydra nie)</li> <li>• Baie ISPs verskaf data verniet na ure</li> <li>• Daar sal geen opdatering tydens werksure op die masjiene loop nie (en dit stadig maak) terwyl mense probeer werk nie</li> <li>• Sal nie gevra word om die rekenaar vir die installing van opdatings te herlaai terwyl hulle die rekenaar vir ander take gedurende werksure gebruik nie.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geskikte voorbeelde om die konsepte wat hierbo genoem is, te illustreer.)</p>		2

4.11	<ul style="list-style-type: none"><li>• Defragmenteer die aandrywer</li><li>• Voer 'Disk Cleanup' uit</li><li>• Verwyder kwaadwillige sagteware</li><li>• Vee ongebruikte lêers uit</li><li>• Her-installeer die bedryfstelsel</li><li>• Verminder die getal programme wat in die agtergrond uitgevoer word/wat laai wanneer die rekenaar aangeskakel word</li><li>• Opdateer sagteware/drywers</li><li>• Gebruik sagtewarepakkette/-weergawes wat minder bron-intensief is</li><li>• Formateer en herinstalleer die hardeskywe, ens.</li></ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige geskikte sagteware- of konfigurasie-instelling wat die druk op die SVE sal verminder.)</p>		2
------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	--	---

4.12	<ul style="list-style-type: none"><li>• Kan op enige plek op enige rekenaar waar Internettoegang beskikbaar is, toegang verkry</li><li>• Spaar stoor spasie op die plaaslike masjien</li><li>• Webtoevoegings word gedurig opgedateer na nuwe weergawes toe</li><li>• Beter integrasie met wolkberging</li><li>• Verminderde aanvraag op plaaslike verwerker</li><li>• 'Cross-platform' (omdat 'n webblaaier gebruik is), ens.</li></ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
4.13	<ul style="list-style-type: none"><li>• Neem 'n foto met 'n kamera/slimfoon/tablet</li><li>• Faks na e-pos</li><li>• Tik die dokument oor en stoor as elektroniese kopie</li></ul> <p style="text-align: right;">✓(Enige Een)</p>		1
			<b>[25]</b>

**VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË**

5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Deel van hardeware</li> <li>• Deel van sagteware/opdatering</li> <li>• Sosiale netwerking/ Speletjies</li> <li>• Deel 'n internetkoppeling</li> <li>• Gesentraliseerde sekuriteit</li> <li>• Gesentraliseerde databerging</li> <li>• Verpreiding van werkslading, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar geskikte voorbeelde van take of tegnologieë, bv. deel van lêers, ruitnetrekenarisering, deel van drukkers.)</i></p>		2
5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Leesbewys ('Read receipt')/Afleweringsverslae</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar spesifieke aanduidings van leesbewyse in 'n besondere app, bv. Blou regmerkies in WhatsApp.)</i></li> </ul>		1
5.3	(Aanlyn) Advertensies✓		1
5.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reikwydte is beperk</li> <li>• Die getal toestelle wat gekoppel kan word is beperk</li> <li>• Potensiële sekuriteitskwessies, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie toestel-, handelsmerk- of aanpasbaarheidskwessies aanvaar nie.)</i></p>		2
5.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Video-/Oudiodiostroming</li> <li>• Video/Multimedia/VoIP ('Skyping')</li> <li>• Aflaai van groot lêers</li> <li>• Torrents</li> <li>• Speel van speletjies ('Gaming'), ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar antwoorde wat na toepassing van die 'altyd-aan' aspek van breëband verwys, bv. push-tegnologie, ens.)</i></p>		2
5.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spaar limiet ('cap')/databondel</li> <li>• Baie vinniger oplaai/Spaar tyd gedurende oplaai</li> <li>• Gebruik minder aanlynstoorspasie</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2

5.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sekuriteitsprotokolle, e.g. https</li> <li>• Digitale handtekening</li> <li>• Digitale sertifikaat</li> <li>• Enkripsie/BSL ('SSL')</li> <li>• Netskans</li> <li>• Anti-spioenware/Anti-virus</li> <li>• Gebruik Torr-deurblaaiers</li> <li>• Bestuurde roeteerders</li> <li>• VPN</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
5.8	Wi-Fi/802.11 a/b/g/n/Kabelloos✓		1
5.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan kwaadwillige programmatuur bevat</li> <li>• Irriterend/Afleidend/Ergerlik maak</li> <li>• Spaar bandwydte/data</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
5.10	Bly op hoogte van die bladsye wat besoek is.✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige verwysing daarna om bladsye te vind wat voorheen besoek is.)</i>		1
			<b>[15]</b>

**VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR**

6.1	Opname – 'n Stel geskrewe/getikte vrae wat vir baie of 'n groep mense gegee word ✓  <b>EN</b>  Onderhoud: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Stel vrae wat verbaal toegepas word</li> <li>• Gewoonlik vir slegs een persoon (soos 'n kenner) bedoel</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		2
6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is geen kontrolering van 'buite' ten opsigte van wat op die Internet geplaas word nie/Enigeen kan enigiets plaas, so dit kan verkeerd wees</li> <li>• Inligting kan met vooroordeel aangebied word</li> <li>• Inligting mag verouderd wees</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
6.3.1	Kopiereg – Wetlike beperkings op die kopiëring en verspreiding van intellektuele materiaal ✓	1	
6.3.2	Plagiaat – Om iemand anders se werk as jou eie aan te bied ✓	1	2
6.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde akkuraatheid/Data validering kan gedoen word/Geen kwessies met betrekking tot handskrif nie</li> <li>• Minder tyd word vir datavaslegging benodig/Respondente sal meer waarskynlik die vraelys voltooi/beantwoord</li> <li>• Data kan direk vir analise uitgevoer word (bv. na 'n sigblad toe)</li> <li>• Makliker om die opname te 'versprei'/kan meer respondente bereik</li> <li>• Groenrekenarisering, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar antwoorde wat betrekking het op enige tipe van elektroniese vorm, soos Google Docs, Microsoft Word-vorms, ens.)</i></p>		2
6.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Netheid/Leesbaarheid</li> <li>• Dit gee 'n manier aan gebruikers om te kontroleer dat hulle die korrekte hoeveelheid syfers ingevul het</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
6.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sortering</li> <li>• Groepering</li> <li>• Filtrering</li> <li>• 'Pivot tables'</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie 'Funksies' of enige besondere voorbeeld van 'n funksie aanvaar nie.)</i></p>		1
			<b>[10]</b>

**VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES**

7.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vertrouenskewessies</li> <li>• Gebrek aan toegang tot rekenaars/Digitale skeiding</li> <li>• Konnektiwiteitskewessies</li> <li>• Gebruikers kort die selfvertroue/vaardigheidsvlak om die dienste te gebruik, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
7.2.1	Die GPS-koördinate van waar die foto geneem is, is bygevoeg ✓ in die foto se metadata.		1
7.2.2	Die insluiting van die GPS-koördinate mag aan stropers 'n wenk gee van waar ✓ om die renoster te vind.		1
7.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skep/gebruik die boodskapreëls</li> <li>• Pas 'n gemorsposfilter toe</li> <li>• Blok adresse van bekende stuurders van gemorspos</li> <li>• Installeer/gebruik anti-gemorsposagteware</li> <li>• Gebruik 'n IDV ('ISP') wat gemorspos effektief blok</li> <li>• Moenie jou e-posadres gee nie/Gee 'n alternatiewe e-posadres aan mense gee wat jy vermoed gemorspos aan jou stuur</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
7.4	Pas die instellings ✓ van jou Facebook-rekening aan om te voorkom dat jy (sonder toestemming) in foto's ge'tag' word.		1
7.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Breër gehoor/publisiteit</li> <li>• Goedkoop advertensie</li> <li>• (Onmiddellike) terugvoer van kliënte</li> <li>• Goedkoop/Effektiewe manier om direk met kliënte te kommunikeer, bv. advertensies, ens.</li> <li>• Geteikende advertensies, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
7.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik van GPS-tegnologie, bv. aanwysings</li> <li>• Gebruik van die Internet, bv. vir die vermaak van die passasiers</li> <li>• Opdatering van die motor se sagteware</li> <li>• Verkeersopdaterings/-inligting direk na die motor</li> <li>• Afstandsmonitering vir sekuriteit/voertuigsporing</li> <li>• Afstandsmonitering van werkverrigting/onderhoud van die motor, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p>		2
			<b>[10]</b>

**VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING**

8.1.1	Die opsoekwaarde is verkeerd✓/B4 moet A4 wees Die kolomindeks van die opsoektabel is verkeerd,✓ moet 2 wees  <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar of die identifikasie van die probleem of die korrekte antwoord.)</i>	2	
8.1.2	Die foute kom voor omdat die formule 'n getal met teks ('n woord) probeer vermenigvuldig ✓.	1	3
8.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• COUNT tel die selle wat numeriese waardes /getalle bevat ✓</li> <li>• COUNTA tel die selle wat enige waarde bevat/nie leeg is nie ✓</li> </ul>		2
8.3	Formatering laat dit voorkom asof dit afgerond is, terwyl die eintlike waardie nie verander het nie/Die ROUND-funksie verander die eintlike waarde ✓		1
8.4.1	Style ✓	1	
8.4.2	Bestuur hulpbronne/Source manager/Hulpbronne ✓	1	2
8.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Enige teksredigeerder soos Notepad</li> <li>• Enige HTML-redigeerder soos Notepad++</li> <li>• Enige woordverwerkingstoëpassing soos Microsoft Word</li> <li>• Coffee cup/kompozer</li> <li>• MS Expression Web</li> <li>• Dreamweaver, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: kontroleer enige ander handelsname wat deur die kandidaat gegee is.)</i></p>		1
8.6	'n Webblad is deel van 'n webtuiste/'n Webtuiste is 'n versameling van webblaaie ✓		1
8.7	Die teks tussen die 'title'-merkers in die 'head'-afdeling word in die webblaaieroortjie aangedui ✓		1
8.8	Nie veronderstel om met 'n sluitingsmerker te begin nie Nie veronderstel om met 'n openingsmerker te eindig nie (Die oopmaak- en toemaak) –merkers moet pas (of beide ul of ol)  <p style="text-align: right;">✓✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige korrekte voorbeelde van HTML-kode)</i></p>		2
8.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Meer gebruikersvriendelike manier van) datavaslegging/Ontwerp vir datavaslegging</li> <li>• Om slegs een rekord op 'n slag te vertoon</li> <li>• Om die velde wat vertoon word te beperk, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>		1
8.10	Dit het geen effek op die waardes in die databasistabel nie/Die waardes in die databasistabel bly dieselfde ✓		1
			<b>[15]</b>

**TOTAAL AFDELING B: 75**

**AFDELING C****VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO**

9.1.1	5.0" (duime) ✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar 5 of 5.0 sonder die afmetingseenheid.)</i>	1	
9.1.2	'n Raakskerm waar meer as een aanraking/vinger op dieselfde tyd raakgesien kan word. ✓	1	
9.1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Knyp ('Pinch')</li> <li>• Rek ('Stretch'), ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p> <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige verduideliking van 'n handeling wat meer as een aanraking gelyktydig vereis, ens. )</i>	1	
9.1.4	Sommige van die 16 GG ('GB') word deur die bedryfstelsel/ander vooraf-geïnstalleerde toepassings gebruik ✓	1	
9.1.5	Sit 'n (MikroSD) Geheuekaart in/USB-bergingstoestel ('OTG') ✓ <i>(Nota aan nasiener: Moenie wolkberging aanvaar nie)</i>	1	
9.1.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bekende gebruikerskoppelvlak/GUI</li> <li>• Aanpasbaarheid van toeps ('apps')</li> <li>• Makliker oordrag van instellings, lêers, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	
9.1.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Laai ('boot') die toestel</li> <li>• Verskaf 'n gebruikerskoppelvlak</li> <li>• Laat toe dat toepassings geïnstalleer/gebruik kan word</li> <li>• Geheuebestuur</li> <li>• Bergingsbestuur ('Storage management')</li> <li>• Lêerbestuur</li> <li>• Installering en beheer van hardewaretoestelle</li> <li>• Verskaf basiese sekuriteit, bv. gebruikersname en wagwoorde, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p> <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar enige voorbeeld (per kolpunt) wat die antwoord illustreer, bv. drukkerbestuur.)</i>	2	
9.1.8	12 MP ✓	1	10
9.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gee die ou selfone/parte aan iemand wat dit nog kan gebruik</li> <li>• Stuur na 'n herwinningsaanleg</li> <li>• Maak die ou selfone reg sodat dit verkoop kan word, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>		2
9.3	RFID-merkers kan op elke foon geplaas word. ✓ RFID-skandeerders by die deur sal dan die RFID-merkers kan optel indien die foon die winkel verlaat ✓ (en 'n alarm aktiveer).		2

9.4.1	(E-pos-boskrif word verander sodat) die e-pos lyk asof dit van 'n ander bron kom ✓	1	
9.4.2	Gebruiker word verwys na 'n verskillende/vervalste ✓ webtuiste selfs al word die regte 'URL' ✓ getik in die webblaaiër	2	
9.4.3	Spioenware/sagteware wat rekord hou/verslag doen van elke sleuteldrukke wat deur 'n gebruiker gemaak word ✓ en stuur die verslag na 'n derde party.	1	4
9.5.1	Bediener ✓ <i>(Nota aan nasiener: Aanvaar spesifieke voorbeelde, bv. instaanbediener ['proxy server'], ens.)</i>	1	
9.5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kommunikasiedium/Kabels</li> <li>• Netwerkskakel/Toegangspunte</li> <li>• NKK ('NIC')</li> <li>• Roeteerder</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	3
9.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koste is goedkoper</li> <li>• Afstand het nie 'n impak op koste nie</li> <li>• Oproepe kan gemaak word ongeag die tipe toestel waarop die program geïnstalleer is, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>		2
9.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Makliker om te navigeer/Konsekwente plasing van kontroles</li> <li>• Intuïtiewe gebruik</li> <li>• Toepaslike gebruik van prentjies</li> <li>• Kleure word maklik onderskei</li> <li>• Groot knoppies/kontroles</li> <li>• Leesbare fonts</li> <li>• Skerms moet nie deurmekaar wees nie/Effektiewe gebruik van wit spasie</li> <li>• Verwante opsies word saam groepeer, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ ✓ (Enige drie)</p>		3
9.8.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Enigiemand het toegang tot 'n blog sonder om 'n e-posadres te hê</li> <li>• Potensiaal om te adverteer</li> <li>• Hoef nie veelvoudige e-posse te stuur nie/perk op die getal ontvangers in groep-epos</li> <li>• Makliker om verskillende tipes bystand te groepeer</li> <li>• Altyd vir latere verwysing beskikbaar</li> <li>• Alle boodskappe ('posts') is beskikbaar in een plek, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	4

9.8.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dateer die inhoud gereeld op</li> <li>• Maak seker dat die inhoud relevant/interessant is</li> <li>• Gebruik interessante opskrifte</li> <li>• Voorsien RSS-voere</li> <li>• Gebruik prentjies/video's wat help om die inhoud te ondersteun en te verduidelik</li> <li>• Wees interaktief met lesers/kommentaar/Reageer vinnig op boodskappe, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	
9.9.1	<p>Maak voorsiening vir kommunikasie tussen die toestel en die bedryfstelsel/Beheer die toestel ✓</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie 'plug and play' aanvaar nie.)</i></p>	1	
9.9.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Her-installeer die drywers</li> <li>• Laai die regte drywers af</li> <li>• Die bedryfstelsel van die skootrekenaar kan vervang/opgradeer word, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	2
9.10.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Batterie kan pap word/Benodig batterye</li> <li>• Duurder om aan te koop</li> <li>• Seinsteuring vanaf ander toestelle, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moet nie diefstal aanvaar nie.)</i></p>	2	
9.10.2	<p>Ontwerp van toestelle/toerusting om gemaklik ✓ en gesondheidskwessies te voorkom ✓ wanneer dit gebruik word nie.</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Moenie antwoorde aanvaar wat na meubels verwys nies.)</i></p>	2	
9.10.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kan werk gedurende beurtkrag/tye wanneer die krag af is</li> <li>• Werkers kan vanaf die huis werk/Werkers kan van enige plek af werk/Draagbaarheid/Mobiliteit</li> <li>• Neem minder fisiese spasie op</li> <li>• Verminder die koolstofspoor ('carbon footprint')</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p>	2	
9.10.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik 'n kabelslot/ketting vas aan die lessenaar</li> <li>• Sluit toe in 'n aparte veilige vertrek</li> <li>• Plaas dit in 'n veiligheidstrolie vir skootrekenaars</li> <li>• Vertrek moet diefwering/veiligheidshekke hê</li> <li>• Installeer kameras</li> <li>• Gebruik biometriese sekuriteit vir toegang tot die vertrek</li> <li>• Installeer 'n alarmstelsel, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ ✓ (Enige twee)</p> <p><i>(Nota aan nasiener: Fokus van die vraag is op <u>voorkoming</u> van diefstal.)</i></p>	2	8
9.11.1	<p>Plaas die &lt;hr /&gt; merker in die 'body' van die HTML-dokument ✓</p>	1	3

9.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik 'n fontmerker</li> <li>• Verander die &lt;h1&gt; merkers na 'n verskillende ('kleiner grootte') merkers soos &lt;h2&gt; of &lt;h3&gt;, ens.</li> </ul> <p style="text-align: right;">✓ (Enige een)</p>	1	
9.11.3	<i>colour</i> moet <i>color</i> wees ✓	1	
9.12.1	Memo/Long Text ✓	1	
9.12.2	Unieke nommers word outomaties toegeken sodat daar geen duplikaatwaardes sal wees nie ✓	1	
9.12.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• "Smart" moet "Smart*" wees ✓/"Smart" moet gevolg word deur 'n oorheersstring ('wild card')/Like "Smart*"</li> <li>• "Smart*" moet in beide kriterialyne verskyn/Kriteria vir die verkoopsprys moet in dieselfde lyn verskyn en gegee word as &lt;100 Or &gt;500 ✓</li> </ul>	2	4
9.13.1	Begin 'n nuwe seksie ✓ wat verskillende bladsyformatering/verstellings toelaat op dieselfde bladsy ✓	2	
9.13.2	Ken 'n naam toe/skakel ('link') na 'n spesifieke punt in die dokument ✓ vir vinniger toegang/waarheen 'n hiperskakel gekoppel kan word	1	3

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**GROOTTOTAAL: 150**